JULIE 2026 UITGAWE 2026/7

DIE KWIKKIE

DIE NUUSBRIEF VAN TWEE RIVIERE AFTREE-OORD

JULIE-JOLYT



HIERDIE UITGAWE

SPORT	2
NOMMERS	3
KENNISGEWINGS	4
VERJAARSDAE	9
DR. ARNOLD SMITH	10

SPORT EN ONTSPANNING HOEKIE

BESIGE BYE



Die Besige Bye het aan 'n unieke projek gedurende Mei en Junie begin werk – die maak van kunsblomme. Ons as die Bye was so bevoorreg om vir Anne-Marie de Jongh en haar kleindogter Leksie te gehad het om vir ons te leer om hierdie blomme met soveel pret te kon maak! Byeenkomste was weer met opgewondenheid en afwagting bygewoon. Die dames het hulself oortref om hierdie pragtige blomme te maak en trots gewees dat hulle weer 'n nuwe kunsvorm kon aanleer. Ons volgende byeenkoms sal op 11 Augustus wees, met 'n nuwe Voorsitter - Frieda Raath aan stuur van die Bye. Ons as die Bye wens haar baie voorspoed en sukses toe vir die toekoms. Frieda is nie 'n onbekende in die Oord nie en sy is altyd gewillig om met haar vriendelikheid hulp en bystand te bied. Mag dit vir haar 'n lekker ondervinding wees.
Hiermee spog die Bye met van die blomme wat gemaak was.





BELANGRIKE NOMMERS & TYE

EKSTERNE TELEFOONNOMMERS

Arrie Nel Apteek:	012 548 1721
Dis-Chem (Kolonnade):	012 523 9120/9
Dis-Chem (Zambezi Junction):	012 574 0489
DSTV MultiChoice:	012 422 2222
Fisioterapeut (Andrea):	082 556 8121
Frogfoot Support	021 448 7225
Haarsalon	068 381 3373
Kind2Hearing (Oudiologie):	012 110 4612
Kombuis (Cheryl):	012 941 5947
Montana Hospitaal:	012 523 3000
Ontvangs (Leonore & Estelle):	012 010 0924
Polisie (Sinoville):	012 543 8800
Sorgsentrum:	012 010 0943
TLC (The Local Choice):	012 030 0266
Matrone:	012 010 0933
Nadine (Medwell SA):	012 010 0934
Voetversorging (Sonica):	082 468 3775
Voetversorging (Precious):	071 998 8058
TV/DSTV (Kleintjie):	083 276 3683
Skoonmaakdienste/Wassery (Maree):	072 622 4130

INTERNE TELEFOONNOMMERS

- Ontvangs: (Estelle) 1001
- Ontvangs (Leonore): 1002
- Matrone: 1004
- Oordbestuurder: 1005
- Onderhoudsbestuurder (Johan): – Kontak via kantoor
- Haarsalon: 1006
- Sorgsentrum: 1009
- Sekuriteit Hek 1: 1010
- Sekuriteit Hek 2: 1011
- Kombuis: 1020

(SLEGS OP 3CX)

KANTOORURE

MAANDAG TOT VRYDAG
08:00 — 16:00
ETENSTYD
12:00 — 12:30

Gesluit op Saterdae & Sondae
Publieke Vakansiedae

NA-URE NOODNOMMERS

MEDIES
063 640 7223
ONDERHOUD
079 531 9827

Neem asb. kennis dat die noodfoon, 079 531 9827, slegs vir water- en elektrisiteitsprobleme na-ure geskakel moet word.
Moet asb. nie die noodnommer bedags skakel nie. Skakel Ontvangs, (012) 010 0924 gedurende kantoorure.

WELKOM

Baie welkom aan alle nuwe inwoners van Twee Riviere Aftree-Oord. Ons vertrou dat u reeds met u bure kennis gemaak het en tuis voel.

WELCOME

We would like to welcome all new residents at Twee Riviere Retirement Village. We trust that you have already become acquainted with your neighbours and feel at home.

INLIGTING & AKTIWITEITE

HYSBAKKE

Om onnodige onderbrekings met die diens van die hysbakke te voorkom, mag slegs EEN groot meubelstuk op 'n slag in die hysbak vervoer word.

OORDDOKTER

Die oorddokter besoek die Oord op Donderdae om 14:00

Maak asseblief 'n afspraak by Nadine—1007 (Di + Do)

Medwell SA
The Home Health Care Specialists

CLINIC HOURS

08:30 - 11:00

Dinsdag & Donderdag

BUSDIENS

Die Oordbussie vertrek om 08:30 en keer terug om 11:00

Maandae: Kolonnade Winkelsentrum

Woensdae: Zambezi Junction en

Vrydae: Kolonnade Winkelsentrum

Bespreek u plek by ontvangs vir hierdie gratis diens.

BELANGRIK | IMPORTANT

Stel asseblief ontvangs in kennis indien u vanuit die oord verhuis of na 'n ander eenheid verhuis.

~o~

Please notify reception when you are moving out of the village or moving to another unit.

BESIGE BYE

Elke 2de & 4de Dindag om 09:00 in die saal. Kom deel in lekker "Arts & Crafts"

WASSERY

Bespreek by Maree via WhatsApp of sms op 0726224130 as u wasgoed of strykwerk wil laat doen van Maandag tot Donderdag

BYBELSTUDIE

Hervormde Kerk, op Woensdae om 09:00 in die saal, APK Kerk, op Donderdae om 10:00 in die saal, NG Kerk, op Vrydae om 09:00 in die saal

JUKSKEI

Dinsdae & Donderdae 16:00 by die jukskeibane. Ons kan help met skeie. Kom ontspan saam. Kontak vir Danie #2196

RUMMIKUB

Woensdae in die saal om 14:00 tot 16:00

SORGSENTRUM INWONERS

As u beskikbaar en sterk genoeg is om elke Donderdag vir 'n uur 'n sorgsentrum inwoner vir 'n uitstappie te neem, kontak asseblief vir Nadine #1007

PRIVAAT TUINDIENSTE

Bespreek by Ontvangs vir privaat tuindienste teen **R70.00** per uur

WATERBEPERKINGS

Gelyke eenheidnommers vir tuinnatmaak is Maandae, Woensdae en Vrydae. Ongelyke eenheidnommers is Dinsdae, Donderdae & Saterdae

KOOROEFENING

Dinsdae 14:00 in die saal. Kom word deel van Twee Riviere se puik koor. Kontak vir Jannie X2061

BINGO

Donderdae 14:30 in die saal. Almal welkom om te deel in die pret. Kontak vir Pieter #2047

UIT DIE OORDBESTUURDER SE KANTOOR - Petré Theron



Gegroet wyses

Die seisoen het alreeds gedraai en die dae word stelselmatig langer, hoewel die temperatuur sterk herinner dat dit nog winter is. Bly dus warm en gesond, eet genoeg lemoene en kuier rondom sop en trooskos. Baie dankie aan elkeen wat gereëld hier kom inloer, vinnig gesels en dan weer op weggaan. Dit bly 'n voorreg as u tyd afstaan om te kom gesels, en ek nooi nog steeds elkeen uit om te kom gesig wys.

Aan elke nuwe intrekker weereens 'n woord van welkom. U inskakeling by die oord se menige aktiwiteite is dikwels die suksesresep vir 'n vreugdevolle verblyf hier in TRAO. Geniet die verblyf hier by ons, elkeen is kosbaar en belangrik en u mag gerus hier in die Ontvangs kom gesig wys indien u bykomende inligting verlang.

Met die skrywe van hierdie boodskap is daar alreeds gevorder met vele projekte wat voortspruit uit die instandhouding en uitbou van die oord. Die westelike elektriese heining is weer aktief en word konstant gemoniteer vir moontlike sekuriteits- bedreigings. U kan dus gerus slaap met die wete dat daar wakker en oop oë gedurende die nag en dag na ons elkeen se veiligheid omsien. Ek nooi u hartlik uit om te kom gesels indien u bewus is van moontlike sekuriteitsrisiko's waarvan ons nie bewus is nie.

Die oord se WhatsApp groep is nou aktief en funksioneer as kommunikasiekanaal in die plek van die SMS'e. Daar is egter individue wat uit keuse nie deel is van die WhatsApp groep nie en wat dus nog deel is van 'n SMS kommunikasie. Indien u bewus is van iemand wat nie by een van die twee kommunikasiegroepe ingesluit is nie, kom rapporteer dit gerus by Ontvangs. Onthou ook dat slegs inwoners deel is van die kommunikasiegroepe en nie noodwendig die eienaar nie.

Die kwessie van waterverbruik is baie hoog op die prioriteitslys en ons het alreeds effektiewe en regstellende stappe geneem. Terwyl ons stoei om die lekplekke op te spoor en reg te maak, versoek ons elke inwoner om behulpsaam te wees met die identifisering van onnodige waterverbruik deur krane wat lek, toilette wat nie dig seël nie, besproeiing wat onnodig lank spuit en tuine wat permanent nat bly. Elkeen se bydrae maak dat koste beter beheer word en uiteindelik elkeen 'n rand of twee kan spaar. Positiewe nuus is dat daar alreeds eienaars is wat die saak indringend ondersoek het en alreeds regstellende stappe geneem het. Baie baie dankie daarvoor.

Laastens, 'n hele splinternuwe raad van trustees het intussen die leisels oorgeneem na die algemene jaarvergadering. Aan elkeen van hierdie individue wat onbaatsugtig tyd, energie en moeite spandeer tot voordeel van die oord, net die grootste waardering. U werk en verantwoordelikheid is uitgeknip en lê en wag vir die komende jaar, mag u geseën word met wysheid, insig en geduld. By voorbaat dank aan elkeen van u. Aan die reeds rustende trustee lede, saluut aan elkeen van u wat die belange van die oord op u harte en in u denke gedra het, dit word verseker nie misken nie maar met groot respek erken en onthou.

Vrede!
Petré Theron
Oordbestuurder

BRAND ALARM AKTIVERING - VEILIGHEID

Geagte woonstel bewoners,

Die brand alarm in die woonstelle werk! Ons kan daarvan getuig, gesien in die lig van die afgelope paar weke wat rook vanuit die woonstelle dit geaktiveer het. Dit gesê; kry ons steeds negatiewe kommentaar vanaf sommige inwoners wat dit as 'n irretasie bestempel. Vriende, die brand alarm onderskei nie tussen rook van verbrande kos of olie en die ware Jakob nie. Die alarmstelsel doen sy werk waarvoor dit ontwerp is en "hou wag 24/7"om jou veilig te hou.

Daar word 'n vriendelike dog ernstige beroep op inwoners gedoen om waaksaam te wees tydens kos voorbereiding. Die volgende gebeure het die afgelope tyd die alarm geaktiveer:

1. **Krag onderbrekings.** Dit is 'n realiteit en bekruip ons dag of nag. Wenk. Indien u besig is met kos voorbereiding en die krag gaan af, nadat jy jou stoof afgesit het, loer asb by jou bure in en vra hulle of hul kos op die stoof het.
2. **Aandag afleiers.** Vinnige kuiertjie by die bure of vriende terwyl kos op die stoof is of 'n vinnige dutjie tydens kos voorbereiding.

U moet asb kennis neem dat u nie die alarm mag deaktiveer nie. Sekuriteit is getaak om spoedig te reageer en ondersoek te kom instel, ongeag die tyd van die dag of nag, waarom die alarm af gegaan het. Die voorval word deur Sekuriteit genotuleer en aan Bestuur gerapporteer.

Inwoners wat die alarm dmv nalatigheid aktiveer moet kennis neem dat hulle stel nie net hulself ingevaar nie, maar hul bure en inwoners om hulle. Kom ons help mekaar, wees waaksaam en bedagsaam.

Byvoorbaat dankie,
Poerie van Wyk



RUS IN VREDE

OORLEDENES

D SCHULTZ - C202

21/06/2026

JJ GROBLER – A275

05/06/2026

PH HARMSE – B102

31/05/2026



Wanneer u hierdie lees is 6 maande van 2026 verby en die somer is stadig maar seker weer oppad.

Die afgelope 5 maande was vir my persoonlik 'n dolle jaagtog en is in 'n oogwink verby. Hierdie is dan ook my laaste skrywe vir die Kwikkie.

Gedurende die tydperk moes ons deel met soveel gebeurlikhede, dat dit voel asof dit almal aaneenlopend was. Die aanstelling van 'n oordbestuurder, haelskade aan strukture, huise waar afloopwater indring, die FAR, elektriese heining, lekkende waterype asook die voorbereiding en afhandeling van die AJV, sluit van kontrakte en inwoners se griewe.

Al hierdie bogenoemde bring my by 'n geleentheidspreker wat by 'n simposium waar ek teenwoordig was 'n hele gereedskapkas op die verhoog gebring het en 'n plastieksak met bakstene. Sy hele praatjie het toe gehandel oor die gereedskap in die kas en die bakstene. Aan die einde vra hy toe vir die gehoor, terwyl hy 'n troffel en 'n hamer in sy hande hou of ons in ons werk opbou (troffel) of afbreek (hamer).

Hopelik het u as inwoners die trustees wat klaargemaak het eerder as troffels beskou en het u ook in die daaglikse lewe as 'n troffel gefunksioneer. 'n Woord van gelukwensing aan al die nuwe trustees by voorbaat met hulle verkiesing. Ek wens u sterkte, Salomo se wysheid en Job se geduld toe.

Die verlies van munisipale water kry nog steeds aandag en die oplos daarvan is dringend.


Frogfoot, die maatskappy wat die optiese vesel geinstalleer het by die oord gaan in die toekoms weer 'n besoek bring aan die oord. Gedurende hierdie tydperk gaan hulle kosteloos opgradering doen van die sender wat in alle eenhede is. Ons vertrou dat u hulle gedurende die tydperk toegang sal gee om die sender te vervang. Soos reeds genoem is, is dit kosteloos.

Aan die personeel van Twee Riviere my opregte dank vir al julle hulp, raad en ondersteuning gedurende die 5 maande. Julle is 'n wonderlike span. Matrone Marinda en haar gesondheidspan vir julle het ek net die grootste waardering en agting wat strek oor die tydperk van 8 jaar. Julle kry nie baie keer 'n dankie nie maar weet ons ag julle baie hoog.

Aan alle trustees waarmee ek gemoeid was oor die tydperk van 8 jaar baie dankie vir julle almal se bydraes en vasbyt. Soms was daar verskille, meeste kere egter samewerking. Dankie dat u die belange van die oord op u hart gedra het.


Sien maar die res van die winter deur en as dit koud word onthou maar dat 'n slukkie OBS die warmte terugbring. Wees goed vir mekaar.

VOORSITTER



PROPPIEPROJEK

Vra belangstellende/s om die Proppieprojek oor te neem.
Kontak ontvangs indien u belangstel asb.
Ondersteun asb. dié lofwaardige en broodnodige projek, elke proppie help. Ons maak staat op elke inwoner se ondersteuning.
Baie dankie aan Jan & Tersa Rowles vir hul volgehoue hulp met dié projek in die verlede.



WEBTUISTE:

DIE KWIKKIE

ADVERTENSIES OP WEBTUISTE
R200 Per Advertensie

Spasie is nou beskikbaar vir die advertering van dienste en items op ons webwerf! Pryse word tans bepaal en sal binnekort bekend gemaak word.

Moet ook nie stres oor die ontwerp nie! EP Digital SA (beter bekend as Kwikkie Tydskrifuitlegkunstenaars / Uitlegontwerpers en Sosiale Media Bestuurders) is beskikbaar om te help met professionele ontwerpe teen 'n verlaagde tarief – vir beide aanlyn én drukwerk. Hou ons dop vir meer besonderhede of kontak ons vandag om jou plek te bespreek!

www.tweeriviere.co.za

Skakel ons asseblief vir meer inligting

Tel: 012 010 0924

EPOS: admin1@trao.co.za | admin2@trao.co.za

AANDAG:

DIE KWIKKIE

ADVERTENSIE PRYSE

ADVERTENSIES IN KWIKKIE VIR INWONERS & OORDDIENSVERSKAFFERS

Kleiner as A6 - R 30
Kwartblad (A6 PORTRET) - R 100
Halfblad (A5 LANDSKAP) - R 163
Volblad (A4 PORTRET) - R 350

ADVERTENSIES IN KWIKKIE VIR BUITE INSTANSIES

Kleiner as A6 - R 60
Kwartblad (A6 PORTRET) - R 200
Halfblad (A5 LANDSKAP) - R 325
Volblad (A4 PORTRET) - R 700

ADVERTENSIES OP DIE KENNISGEWINGSBORD

Volblad A4 advertensie - R 200

NUUT: ADVERTENSIES OP WEBTUISTE

R200 Per Advertensie

www.tweeriviere.co.za

Skakel ons asseblief vir meer inligting

Tel: 012 010 0924

EPOS: admin1@trao.co.za | admin2@trao.co.za

KWIKKIE-ADVERTENSIES:

BLADSYORIËNTERING EN GROOTTES



NEEM ASB. KENNIS VAN DIE VEREISTES HIERBO WAT BENODIG WORD VIR ADVERTENSIES

www.tweeriviere.co.za

Skakel ons asseblief vir meer inligting

Tel: 012 010 0924

Gelukkige Verjaarsdag

VERJAARSDAE
JULIE 2026

#	Datum	Naam & Van
A288	02-Jul	Cora Coetzee
C108	02-Jul	Sue Greyling
A112	02-Jul	Josie Calitz
A032	03-Jul	Catherine Stark
A296	03-Jul	Gerrie Hofmeyr
B018	04-Jul	Lina Swanepoel
A172	04-Jul	André Naudé
A229	05-Jul	Anna Lombaard
B304	06-Jul	Jacques Coetzee
B010	10-Jul	Stephanie Bosch
A230	10-Jul	Anelia Steyn
A124	11-Jul	Ronel de Lange
A215	14-Jul	Irma van Zyl
B213	14-Jul	Ronel Grundlingh
A301	15-Jul	Jan Taljaard
A027	15-Jul	Miems Bothma
A300	16-Jul	Louise Schoeman
B202	16-Jul	Corrie Vos
A010	17-Jul	Hester Smit
A082	18-Jul	Marietjie Jordaan
A313	18-Jul	Annetjie Meintjes
A164	19-Jul	Marie Schmidt
A142	19-Jul	Louna Dicks
A223	20-Jul	Eula van Dyk
A271	20-Jul	Alda van Zyl
B226	20-Jul	Emma Potgieter
A114	20-Jul	Annelise Cilliers

#	Datum	Naam & Van
A189	21-Jul	Martie Pienaar
B223	21-Jul	Rita Whatley
A115	23-Jul	Francisca Strauss
B227	23-Jul	Alwine Welkovics
C205	23-Jul	Eve du Preez
A177	23-Jul	Susan Palmer
A155	24-Jul	Mack Pelimpasakis
A243	24-Jul	Phlippie Janse van Rensburg
A027	25-Jul	Johan Bothma
A295	25-Jul	Jeanette Dreyer
A133	25-Jul	Nellie de Jager
A233	25-Jul	Eros Christodoulou
A047	26-Jul	Pieter Theron
A151	26-Jul	Johan de Beer
A180	26-Jul	Theo Kuipers
A016	27-Jul	Nic Oosthuizen
A272	27-Jul	Lien Bester
B009	27-Jul	Alta Strydom
C203	27-Jul	Anna Schoultz
A062	28-Jul	Chris van der Linde
A063	28-Jul	Martie Hacquebord
A092	28-Jul	Annie Beheydt
A237	29-Jul	Lucy Nel
B105	29-Jul	Poppie Terblanche
A107	29-Jul	Wilma Dixon
A305	30-Jul	Colin Grove
A052	31-Jul	Hartjie Janse van Rensburg



"AS U VERJAARSDAG UITGELAAT EN/OF FOUTIEF IS, KONTAK DIE KANTOOR VIR REGSTELLING ASB."

Versigtig optimisties?!

- Dr. Arnold Smith



Ek het mense al baie hoor sê: "Ek wil nie te gou bly word nie", of "Ek is versigtig optimisties". Wat dit beteken is dat dit soms vir ons moeilik is om 'n positiewe oomblik aan te gryp. Ons bewussyn van sogenaamde realiteite maak dat die bekende woorde, "Carpe diem!" ("Gryp die dag") nie 'n lewenswyse word nie.
Woorde soos in Psalm 118:24: "Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees", is moeilik om uit te leef.
Ons is bang om te gou bly te wees en dan weer teleurgestel te word.
Kortom, ons is bang dat goeie oomblikke nie gaan hou nie.

As ons bv. 'n moeilike verhouding met 'n kind of buurman gehad het en daar kom 'n stukkie versoening is ons bang dis net vir die skyn en gaan nie lank hou nie. Dan sê ons, "Ja, dis 'n goeie begin, maar ek gaan nie my hoop daarop plaas nie" en voeg by, "ek is al te veel in die verlede teleurgestel". Die ding van geheue.
Dalk het iemand naby aan jou teveel gedrink en opgehou daarmee. Dan kom die woorde, "Ja, ek is dankbaar, maar ek wil eers sien dit gaan hou, mense is mos geneig om terug te val". Moeilik om te vertrou.
Dalk het 'n lewensmaat besluit om sy/haar gedrag teenoor jou te verander, en dan sê jy, "Ja, dis nog maar vroeg in die dag, ek vertrou nie die vrede nie".
Miskien kry jy behandeling vir 'n baie ernstige siekte en die dokter sê, "Die toetse lyk goed" en jy sê, "ek wil nie te gou bly word nie, die siekte het mos maar 'n manier om op ander plekke uit te slaan. Ek gaan nie te gou vir ander daarvan vertel nie. Ek is bang om te gou bly te wees en dan soos 'n gek te voel as dit anders uitkom".

Ons doen dit ook in sport. My span is voor en ek sê, "Pasop maar, daar is nog dertig minute oor. Enigiets kan nog gebeur". Dan kies mens vir die gedagte dat die dertig minute negatief vir jou span kan uitwerk, eerder as om te dink, "Sjoe, daar is nog dertig minute oor, ons kan nog verder wen".

Dis die probleem met die trauma van teleurstelling. Ek hou in positiewe oomblikke die deur oop dat daar noodwendig iets negatiefs gaan gebeur. Dan skei my

liggaam die hormone af wat my laat veg, vlug of vries in afwagting van die, vir my, negatiewe wat onafwendbaar gaan gebeur. Iemand het by geleentheid gesê: "Nege-en-negentig % van die dinge wat jy verwag, kom nie oor jou nie". Dan sê die ander: "En wat van die een % wat wel kan gebeur".

Die uitwasse daarvan kan wees 'n agtervoet lewenshouding wat in gereedmaak vir die negatiewe my 'n pessimistiese lewensuitkyk kan gee. Dit lei tot passiewe gedrag.

Wat hou ons gesond? Wat maak die lewe vreugdevol?

Dis om oomblikke te optimaliseer en die beste van elke geleentheid te maak.

Ek haal so bietjie buite konteks 'n vers uit Prediker se nadenke oor die lewe aan. By hom neig dit maar na vergeefsheid en nietigheid. Sy goeie raad egter omdat hy weet dat alles in God se hand is: Prediker 9:7: "Eet dus jou brood met vreugde, drink jou wyn met 'n bly gemoed; God het lankal reeds goedgekeur wat jy doen".

Natuurlik leef ons verantwoordelik soos Paulus in Efesiërs 5:15 sê: "Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges". Tog is dit belangrik dat ons tye en geleenthede uitkoop en die beste uit elke oomblik haal. Efesiërs 5:16: "Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd".

Ons moet oppas dat ons nie as 'n lewensstyl deurentyd "die kat uit die boom kyk nie".
Dis Julie! Dis die sewende maand! Die jaar is halfpad verby. Dis afdraande jaar.
Ja, dis nog koud en die wind gaan nog waai, maar die Lente kom!

Gaan kry 'n sonhoekie en koop die tyd uit!

KERKDIENSTE

JULIE 2026



DIENS BEGIN 09:00 IN SAAL.

SONDAG, 05 JULIE 2026
DR ANNELIE BOTHA, HERVORMDE KERK

SONDAG, 12 JULIE 2026
DS CHRISTIE SMIT, NG GEMEENTE MONTANA

SONDAG, 19 JULIE 2026
DS NIEKIE ROTHMAN, NG MAGALIESKRUIN

SONDAG, 26 JULIE 2026
DS CHRISTIE SMIT, NG GEMEENTE MONTANA

VERSOEK VIR KWIKKIE ARTIKELS:

Die Kwikkie-nuusbrief is 'n gemeenskapskoerantjie wat getrou deur ons inwoners gelees word. Ek weet hier is baie inwoners wat vele stories het om te vertel en dat daar ook interessante aktiwiteite op die Oord plaasvind waarvan ons nie eers weet nie. Alle artikels moet asseblief voor of op die 18de van elke maand aan die kantoor deurgegee word – elektronies in 'Word'-formaat. Neem ook kennis dat alle artikels deeglik vir alle spelfoute en grammatika nagegaan moet word voor dit aan die kantoor gestuur word.
Skakel Estelle 1001 of Leonore 1002 vir meer inligting.
-OORDBESTUURDER



~ deur die ONS GOUE JARE-redaksie ~

'n Volledige Gids vir Ouer Suid-Afrikaners oor die SASSA Bejaardetoelaag - Mei 2026

WAT IS SASSA EN WAARVOOR IS DIT?

Die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsdiens — kortweg SASSA — is 'n regeringsinstelling wat elke maand geld uitbetaal aan mense wat finansiële ondersteuning nodig het. Vir ouer Suid-Afrikaners is daar 'n spesiale toelaag beskikbaar wat amptelik die Ouer Persone se Toelaag heet, maar wat die meeste mense eenvoudig die "staatspensioen" noem.

Hierdie toelaag is jou reg as jy kwalifiseer. Dit is nie 'n guns nie — dit is geld waarvoor die Suid-Afrikaanse regering begroot het om aan ouer mense 'n waardige lewe te bied.

KAN JY AANSOEK DOEN?

Jy kwalifiseer as jy aan al die volgende voldoen:

- Jy is 60 jaar of ouer
- Jy is 'n Suid-Afrikaanse burger, 'n permanente inwoner, of 'n erkende vlugteling
- Jy woon in Suid-Afrika
- Jy ontvang nie reeds 'n ander staatstoelaag vir jouself nie
- Jy word nie in 'n staatsinrigting versorg nie (soos 'n staatsgefinansierde ouetehuis of staatshospitaal)
- Jy slaag die middeletoets — dit word hieronder verduidelik

WAT IS DIE "MIDDELETOETS"?

Die regering wil verseker dat die toelaag gaan na mense wat dit werklik nodig het. Hulle kyk daarom na twee dinge: jou inkomste (geld wat jy maandeliks verdien of ontvang) én jou bates (eiendom, spaargeld, motors, beleggings, ens.).

As jy alleen is, mag jou inkomste nie meer as ongeveer R8 990 per maand (of R107 880 per jaar) wees nie. As jy getroud is, mag julle gesamentlike inkomste nie meer as R17 980 per maand (of R215 760 per jaar) beloop nie. Die batesgrens is ongeveer R1,524 miljoen vir 'n enkellopende persoon, en R3,049 miljoen vir 'n getroude paar.

Onthou: As jy reeds 'n privaat pensioen ontvang, beteken dit nie outomaties dat jy nie kwalifiseer nie. SASSA gebruik 'n skuifskaal — as jou privaat inkomste laag genoeg is, kan jy steeds 'n gedeeltelike toelaag ontvang. Besoek 'n SASSA-kantoor om jou situasie te laat beoordeel.

HOEVEEL GELD KRY JY?

Vanaf April 2026, soos amptelik bevestig deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling na goedkeuring deur die Nasionale Tesourie, is die bedrae soos volg:

Ouderdom 60 tot 74 jaar: R2 400 per maand
Ouderdom 75 jaar en ouer: R2 420 per maand Dsd

Dit is 'n verhoging van R80 per maand in vergelyking met die vorige finansiële jaar.

Ekstra hulp beskikbaar: As jy reeds die toelaag ontvang maar iemand nodig het om jou te versorg — om jou te help bad, kook of beweeg — kan jy ook aansoek doen vir die Versorger se Toelaag (Grant-in-Aid), wat 'n ekstra R580 per maand byvoeg. Doen aansoek daarvoor afsonderlik by jou naaste SASSA-kantoor.

WANNEER WORD DIE GELD UITBETAAL?

SASSA betaal die bejaardetoelaag so vroeg as moontlik elke maand uit — ouer persone word eerste betaal, gevolg deur gestremdes, en daarna kinders se toelaes.

In Mei 2026 word bejaardes op 5 Mei betaal. Junie se betaaldatum is 2 Junie 2026.

(Vervolg op bladsy 13)

JOU STAATSPENSIOEN - WAT JY MOET WEET *(VERVOLG VAN BLADSY 12)*

~ deur die ONS GOUE JARE-redaksie ~

'n Volledige Gids vir Ouer Suid-Afrikaners oor die SASSA Bejaardetoelaag - Mei 2026

WAT IS SASSA EN WAARVOOR IS DIT?

Die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsdiens — kortweg SASSA — is 'n regeringsinstelling wat elke maand geld uitbetaal aan mense wat finansiële ondersteuning nodig het. Vir ouer Suid-Afrikaners is daar 'n spesiale toelaag beskikbaar wat amptelik die Ouer Persone se Toelaag heet, maar wat die meeste mense eenvoudig die "staatspensioen" noem.

Hierdie toelaag is jou reg as jy kwalifiseer. Dit is nie 'n guns nie — dit is geld waarvoor die Suid-Afrikaanse regering begroot het om aan ouer mense 'n waardige lewe te bied.

KAN JY AANSOEK DOEN?

Jy kwalifiseer as jy aan al die volgende voldoen:

- Jy is 60 jaar of ouer
- Jy is 'n Suid-Afrikaanse burger, 'n permanente inwoner, of 'n erkende vlugteling
- Jy woon in Suid-Afrika
- Jy ontvang nie reeds 'n ander staatstoelaag vir jouself nie
- Jy word nie in 'n staatsinrigting versorg nie (soos 'n staatsgefinansierde ouetehuis of staatshospitaal)
- Jy slaag die middeletoets — dit word hieronder verduidelik

WAT IS DIE "MIDDELETOETS"?

Die regering wil verseker dat die toelaag gaan na mense wat dit werklik nodig het. Hulle kyk daarom na twee dinge: jou inkomste (geld wat jy maandeliks verdien of ontvang) én jou bates (eiendom, spaargeld, motors, beleggings, ens.).

As jy alleen is, mag jou inkomste nie meer as ongeveer R8 990 per maand (of R107 880 per jaar) wees nie. As jy getroud is, mag julle gesamentlike inkomste nie meer as R17 980 per maand (of R215 760 per jaar) beloop nie. Die batesgrens is ongeveer R1,524 miljoen vir 'n enkellopende persoon, en R3,049 miljoen vir 'n getroude paar.

Onthou: As jy reeds 'n privaat pensioen ontvang, beteken dit nie outomaties dat jy nie kwalifiseer nie. SASSA gebruik 'n skuifskaal — as jou privaat inkomste laag genoeg is, kan jy steeds 'n gedeeltelike toelaag ontvang. Besoek 'n SASSA-kantoor om jou situasie te laat beoordeel.

HOEVEEL GELD KRY JY?

Vanaf April 2026, soos amptelik bevestig deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling na goedkeuring deur die Nasionale Tesourie, is die bedrae soos volg:

Ouderdom 60 tot 74 jaar: R2 400 per maand
Ouderdom 75 jaar en ouer: R2 420 per maand
Dsd

Dit is 'n verhoging van R80 per maand in vergelyking met die vorige finansiële jaar.

Ekstra hulp beskikbaar: As jy reeds die toelaag ontvang maar iemand nodig het om jou te versorg — om jou te help bad, kook of beweeg — kan jy ook aansoek doen vir die Versorger se Toelaag (Grant-in-Aid), wat 'n ekstra R580 per maand byvoeg. Doen aansoek daarvoor afsonderlik by jou naaste SASSA-kantoor.

WANNEER WORD DIE GELD UITBETAAL?

SASSA betaal die bejaardetoelaag so vroeg as moontlik elke maand uit — ouer persone word eerste betaal, gevolg deur gestremdes, en daarna kinders se toelaes.

In Mei 2026 word bejaardes op 5 Mei betaal. Junie se betaaldatum is 2 Junie 2026.

(Vervolg op bladsy 14)

JOU STAATSPENSIOEN - WAT JY MOET WEET *(VERVOLG VAN BLADSY 13)*

As die geld nie op die dag self in jou rekening is nie, wag 2 tot 3 werksdae voordat jy SASSA kontak — banke verwerk soms betalings effens later.

WATTER DOKUMENTE MOET JY SAAMBRING?
Versamel hierdie dokumente voordat jy kantoor toe gaan:

DokumentBesonderhede

- **ID-dokument:** Jou groen boek of nuwe ID-kaart (oorspronklik of gesertifiseerde kopie)
- **Bewys van adres** - Munisipale rekening of beëdigde verklaring BankstateLaaste 3 maande se state
- **Bankbesonderhede** - Bankbrief of gesertifiseerde bankstaat op jou naam
- **Huwelikstatus** - Trousertifikaat, egskeidingsbevel, of oorledene eggenoot se doodsertifikaat (indien van toepassing)
- **Bewys van inkomste** - Privaat pensioenglip, huurinkomste, ens. (indien van toepassing)
- **UIF-blou boek** - Ontslagertifikaat van vorige werkgewer (indien van toepassing)

Geen ID? Moenie moed opgee nie. As jy geen ID-dokument het nie, kan jy 'n beëdigde verklaring (affidavit) invul — dit moet gedoen word in teenwoordigheid van 'n Kommissaris van Ede wat nie 'n SASSA-beampte is nie. SASSA sal jou dan na die Departement van Binnelandse Sake verwys vir 'n nuwe ID.

HOE DOEN JY AANSOEK? STAP VIR STAP
Stap 1 — Gaan na jou naaste SASSA-kantoor
Besoek enige SASSA-kantoor in jou omgewing. Daar is geen sperdatum om aansoek te doen nie — jy kan enige tyd aansoek doen as jy kwalifiseer.
As jy te siek of te swak is om self te gaan, kan 'n familielid of vriend namens jou aansoek doen deur 'n volmag (power of attorney). Hierdie persoon staan bekend as jou prokureur en kan wettiglik namens jou aansoek doen of jou toelaag ontvang.

Stap 2 — Vul die aansoekvorm in
Die aansoekvorm is beskikbaar by die SASSA-kantoor en moet ingevul word in teenwoordigheid van 'n SASSA-beampte, wat jou kan help as jy sukkel. Die beampte sal ook jou vingerafdrukke neem.

Stap 3 — Bewaar jou kwitansie
Jy sal 'n gedateerde, gestempelde kwitansie ontvang met die naam van die SASSA-beampte wat jou gehelp het. Bewaar dit veilig — dit is jou bewys van aansoek.

Stap 4 — Wag vir terugvoer
Aansoeke word binne 3 maande beoordeel, waarna jy skriftelik in kennis gestel word of jou aansoek goedgekeur of afgekeur is. As dit goedgekeur word, word jou betalings teruggedateer na die dag waarop jy aansoek gedoen het — jy verloor dus geen geld terwyl jy wag nie.

Aansoek doen aanlyn (indien jy internettoegang het)
Jy kan ook aansoek doen via die amptelike SASSA-webwerf by services.sassa.gov.za — registreer 'n rekening, meld aan, kies die Ouer Persone se Toelaag, vul die vorm in en laai jou dokumente op. Vra 'n familielid of buurman om te help as jy nie gemaklik is met die rekenaar nie.

HOE ONTVANG JY JOU GELD?
Jy kan kies watter manier vir jou die gerieflikste is:

- **Direk in jou bankrekening** — die veiligste en gerieflikste opsie. Geen toustaan nodig nie.
- **SASSA-goue kaart** — kan gebruik word by OTM's en deelnemende winkels.

(Vervolg op bladsy 15)

JOU STAATSPENSIOEN - WAT JY MOET WEET *(VERVOLG VAN BLADSY 14)*

- **Kontant by 'n goedgekeurde uitbetalingspunt** — nuttig in afgeleë gebiede.

Ons beveel sterk aan om 'n direkte bankinskrywing te gebruik. Dit beteken jou geld is veilig, jy hoef nie in lang toue te staan nie, en skelms kan dit nie so maklik steel nie.

WAT AS JOU AANSOEK AFGEWYS WORD?

Moenie moed opgee nie. As jou aansoek afgekeur word, sal SASSA jou skriftelik in kennis stel en verduidelik waarom. Jy het die reg om binne 90 dae beswaar aan te teken. Vra by jou naaste SASSA-kantoor hoe om dit te doen — hulle moet jou help.

PASOP VIR HIERDIE GEVARE

- Dit is HEELTEMAL GRATIS om aansoek te doen. Betaal nooit vir iemand om jou aansoek te "versnel" nie. Dit is 'n bedrogspul. Mystatus
- SASSA sal nooit jou PIN of wagwoord vra nie. As iemand bel en sê hy is van SASSA en jou PIN wil hê — sit die foon neer.
- Reageer op SASSA se briewe en SMS'e. As jy 'n kennisgewing ontvang oor 'n hersiening van jou toelaag, moet jy dit nie ignoreer nie — jou toelaag kan opgeskort word. Grantza
- Verander van omstandighede moet aangemeld word. As jou inkomste of bates verander, is dit in jou belang om dit self by SASSA aan te meld — dit is veel beter as om later gevra te word om maande se oorbetaling terug te betaal.

HOE KOM JY IN KONTAK MET SASSA?


- Gratis oproep 0800 60 10 11 (Maandag–Vrydag, 08:00–16:00)
- WhatsAppStuur "Hallo" na 082 046 8553
- Webwerfwww.sassa.gov.za
- E-posGrantEnquiries@sassa.gov.za

Probeer voor 09:00 of na 14:00 bel vir korter wagtye. Dinsdag tot Donderdag is gewoonlik rustiger as Maandae en Vrydae.

IN EEN OOGOPSLAG — ONTHOU HIERDIE 5 DINGE

1. Jy moet 60 jaar of ouer wees om te kwalifiseer.
2. Bring al jou dokumente saam — veral jou ID en bankstate.
3. Dit is GRATIS — betaal vir niemand nie.
4. Jy ontvang terugbetaling vanaf die dag jy aansoek gedoen het.
5. Bel 0800 60 10 11 as jy enige vrae het — die oproep is gratis.

Hierdie artikel is opgestel vir algemene inligtingsdoeleindes en weerspieël die mees onlangse beskikbare SASSA-inligting vir Mei 2026, insluitend amptelik bevestigde bedrae uit die Februarie 2026 Begrotingsrede. Vir persoonlike advies en amptelike bevestiging, besoek altyd www.sassa.gov.za of skakel 0800 60 10 11.





* **Silent Generation** (1928–1945): Their childhoods were deeply shaped by the great Depression and World War II, with immense hardship and oppressive political climate of the 1930 and 1940. Strong traditional ways of living, quiet, very hard working and cautious and less likely to speak out or rebel compared to the generations before and after. Many served in the Korean war. Forged from surviving server economic and global crises. We salute these brave and true grid generation. Hulle kan 'n stukkende toestel regmaak, 'n tjekboek balanseer en jou presies sê wat die lewenskostes was.

* **Baby Boomers** (1946–1964): Hulle het onder andere; loodhoudende petrol, en veiligheidsgordelvrye padreise oorleef. Met ponde shillings en pennies gekoop en verkoop. Bok-bok, blika-spy, rounders, hop scotches, volkspele, cowboys en crooks, kennetjie en alie gejol. In die dampkring van 'n nuwe Republiek groot geword met NP, KP, HNP, ANC, Rivonia verhoor, PW, SAW en Nasionale Diensplig te doene gehad en.....toe die generasie geword wat jou die meeste waarskynlik daaraan herinner, hoe baie moeiliker dinge vroeër was.

* **Generasie X/Lost Generation** (1965–1980): Lost? because they are sandwiched between two massive, culturally dominant populations: the Baby Bloomers and Millennials. It led to a sense of being overlooked, underrepresented and culturally forgotten. 'n Era van massiewe sosiale verandering en tegnologiese oorgang. Word ook gekenmerk deur dubbele inkomste en enkelouers. Hulle was die oorspronklike "latchkey kids" en kan op een of ander manier beide 'n faksmasjien en 'n slimfoon foute opspoor.

* **Millennials/Generation Y** (1981–1996): Spend their formative years transitioning from analogue childhoods to rapid adoption of smartphones, social media and streaming. Statistically, they are one of the most highly educated and ethnically diverse generations. Job-hoppers, purpose-driven work, flexibility over strict corporate hierarchies.

* **Generasie Z (**1997–2012): Word groot met internet en "smart devices". Hulle kan 'n video redigeer, 'n meme skep, en 'n nuwe vaardigheid in 15 minute aanleer, maar het dalk nooit vrywillig 'n oproep beantwoord nie.

* **Generation Alfa** (2013 to date): Total digital immersion and unprecedented connectivity, they exhibit high digital fluency, strong visual-spatial skills. Naturally acclimated to AI and voice-assistant technologies. Klink dit na ons kleinkinders? Sommige het geleer om 'n rekenaarskerm te vee voordat hulle geleer het hoe om hul tande te borsel of skoene vas te maak.

En die universele waarheid? Elke generasie dink die musiek van hul tienerjare was die hoogtepunt van menslike beskawing en almal jonger doen dit verkeerd.

Die Redaksiespan.

SHOPS IN MONTANA
WORD SEARCH PUZZLE

A	E	G	H	N	O	I	T	C	N	U	J	E	E	F	F	O	C
B	D	S	I	J	K	O	C	E	A	N	B	A	S	K	E	T	V
C	E	F	U	L	M	N	O	P	Q	R	S	T	F	U	G	W	S
S	H	T	R	O	W	L	O	O	W	Y	Z	C	A	B	R	X	T
E	C	D	E	F	H	G	H	I	J	K	L	M	N	G	A	M	E
O	D	I	S	C	H	E	M	P	Q	R	S	T	U	V	F	W	E
X	Y	G	Z	Z	Y	X	R	A	C	E	G	S	I	K	F	M	R
O	Q	S	A	U	W	C	H	A	M	B	E	R	L	A	I	N	S
X	Z	B	D	R	F	H	Y	J	W	L	N	E	P	R	T	U	W
C	F	I	L	O	S	R	U	A	X	S	A	K	D	H	I	L	P
T	R	U	W	O	R	T	H	S	P	Z	R	C	L	I	C	K	S
T	X	Y	Z	E	J	O	T	A	Y	N	Z	E	G	N	U	B	I
P	P	W	D	L	T	B	K	N	T	C	K	H	D	M	W	G	Q
N	Z	Y	S	Y	D	A	L	I	M	A	D	C	F	L	I	L	Z
A	N	Q	T	W	Z	B	E	T	H	K	M	O	I	Q	I	S	U
W	Y	A	F	K	P	U	Z	A	B	G	L	P	E	P	Q	U	V
A	W	E	S	T	P	A	C	K	Z	B	Y	C	X	D	W	E	B

WORDS: 20

BUILDERS WAREHOUSE	WOOLWORTHS	OCEAN BASKET	PEP
WESTPACK	GRAFFITI	CLICKS	CHAMBERLAINS
KATINAS	DISCHEM	PICK N PAY	GAME
MILADYS	COFFEE JUNCTION CAFE	STEERS	EDGARS
TRUWORTHS	CHECKERS	KFC	PNA

WORD PUZZLE OPGESTEL DEUR INWONER – RAE A188



Welkom by ***** Oord, waar die spoedgrens 'n blitsige 15 km/h is, die grasperke met geometriese akkuraatheid gesny word, en die skinderstories vinniger versprei as 'n vesel-internetverbinding.
As jy 'n "Nuweling" is, hier gedefinieër as enigiemand wat nog hul oorspronklike heupe het of minder as vyf jaar in die oord woon, kan die oorgang van die chaotiese buitewêreld na ons rustige oase nogal 'n kultuurskok wees.
Om jou te help om jou eerste paar weke te navigeer sonder om 'n internasionale oord-insident te veroorsaak, moet jy asseblief hierdie handige oorlewingsgids uit jou kop uit leer.

Die Hekwag-spitsroede
Jou ondervinding begin by die hoofhek. As 'n nuwe inwoner sal jy 'n gevoel van vryheid ervaar. Moenie jouself flous nie. Die biometriese skanderingstelsel weet presies wie jy is, wat jy by die kruidenierswinkel gekoop het, en of dit jou dogter of 'n "spesiale vriend" was wat jou Dinsdag kom besoek het.
Wenk: as jy dadelik wil inpas, kla kliphard oor die skandering wat jou nuwe valstande, gepermde hare en bloedrooi lippies niks van wil weet nie. Dit is 'n universele bindende onderwerp. Wees rustig, jy is nou afgetree.

Die Trustees
Geslaan tot Ridders vir die behoud van orde in die Oord. As inwoner ook, poog hulle om gelyktydig: klagteballe, reëlsballe, knorrigeballe, arroganteballe, asprisballe, skinderballe en storieballe in die lug te hou. Dis 'n onbegonne taak, want die balle word van allekante af ingeskop en die spelers, (dit sluit jou as nuweling nou in), op die veld hou, nie by die lynstaan of afskopreëls nie. Gee hulle 'n blaaskansie.

Sosiaal, kleingoedaktiwiteite en sport
Jy het dalk gedink jy het kantoorpolitiek en korporatiewe rugstekers in die besigheidswêreld agtergelaat. Jy was verkeerd. Jy het bloot die raadsaal verruil vir die "sports". Kyk, dit lyk na heerlike, lekker ontspanning, vriendelikheid galo en flinkdink, maar o wee, die realiteit, dit is 'n taktiese manuvrering. As jy 'n jukskei laat gly, falsnoot insit of uit jou beurt uit skuif of speel of die koekies gebrand het, verdien jy "Die Kyk", 'n kyk so ysig dat dit vleis kan preserveer. 'n By is 'n wondelike insek, vol energie en altyd besig. Moet nie bekommerd wees nie, hulle weet reeds

'n Oorlewingsgids vir Nuwelinge in die Oord *(vervolg van bladsy 16)*

van julle. Hulle maak binnekort by jou 'n draai om al daardie oulike oortollige gebak en brei, verf en kleigoed op te eis. Bied liewers aan om by hulle aan te sluit, anders dra hulle jou leeg. Bingo lyk so rustig, oppas, as daardie nommer vir 'n vierde keer herhaal moet word, betaal jy pappie. Moet onder geen omstandighede op 'n stoel sit wat lyk asof dit sedert 2018 aan iemand "behoort" het nie. Jy sal beleefd, maar ferm, uitgesmyt word deur 'n ouma wat net vier-voet-elf is, maar die aura van 'n nagklub-uitsmyter het.

Die Eetsaal – hiërargie en parkeerarea/afdakke
In die buitewêreld word status bepaal deur die handelsmerk van jou kar of posisie. By **** Oord word status bepaal waar jy in die eetsaal of koffiekroeg sit. Nuwe inwoners word maklik uitgeken aan hul roekelose pogings om 'n moderne SUV in 'n motorafdak te parkeer wat oorspronklik vir 'n 1982 Ford Cortina ontwerp is. As jou band selfs net aan die wit lyn raak, kan jy verwag dat 'n streng bewoorde, anonieme briefie teen 08:00 die volgende oggend in jou posbus gedruk sal wees.

O wee, Die Onuitgesproke Oord-reëls
Die Situasie....wat jy dink reg is en wat regtig van jou verwag word.

- **Hondjiestap.** Laat hulle aan 'n blommetjie ruik of hul bolletjies op die gras opgemerk word, kry jy die volle sekuriteitsbegeleiding op jou afgepeil. Die vol poefsakkie moet sigbaar soos 'n trofeë vertoon word. Die leiband moet van rek wees, weermee jy die rumatiekhondjie kan wegskiet voordat die grassnyers en weedeaters hom beet kry.
- **Wasgoed ophang.** Hang dit spasievrylik op, wat dit ookal beteken, net nie onderstebo nie. Alle wasgoed moet teen 07:00 in die lug wees en teen die middaguur weggesteek wees. Behoed jou as jy bak en brou en die buurvrou vang die reuk daarvan in haar kerkrok. Die saak gaan draai tot by Daantjie in die Kallerhok.
- **Bure groet.** 'n Beleefde knik kan lei tot 'n 30-minute lange uiteensetting van julle mediese kwale. Doen dit in elk geval, miskien kry jy 'n dop.

Die 10:00 Tee-krisis
Presies om 10:00 vind 'n fenomeen plaas. Die paadjies vul skielik met 'n konvooi van kieries, rystoele en looprame, almal op pad met intense vasberadenheid na die gemeenskapsaal.
Dit is die daaglikse tee- en koeksister-stormloop. As 'n nuwe inwoner, sal jou instink wees om basiese maniere te wys, om ander eerste te laat loop, of die deur oop te hou. O nee, vergeet van daardie instink. As jy nie jou teetyd-bederf opeis met die spoed en 'agility' van 'n rugby-skrumskakel nie, gaan jy opgeskeep sit met niks anders as 'n droë Marie-beskuitjie en diepe berou nie.

Welkom Tuis!
Ten spyte van die spioenasie, goeie buurmanskap, die reëls-polisiëring en die sosiale en sport kapperjolle en swaargewigte Trustees, sal jy gou besef dat jy goed gekoop of gehuur het en dat ons jou stukkie paradys gun. Binne ses maande sal jy jouself ook betrap dat jy agterdogtig vir 'n afleweringswa sit en loer, die weer soos 'n meteoroloog dophou, en aan 'n nuwe buurman verduidelik hoekom hulle wasgoed heeltemal te laat opgesit is.

Welkom by die Oord. Mag jou tee warm wees, jy 'n huppel in jou stap het, en jou bure net 'n bietjie minder nuuskierig wees as wat hulle gister was!

Poerie



Die groot sitkamervenster was aan die suidekant van die huis geleë. Die vensterbank was laag en 'n mens het van die straatkant af in die erf gekom. Een middag, net terug van die werk, sien ek 'n groot gemmerkat op die vensterbank sit. Ek kon die kat nie in die huis toelaat nie, my ses hondjies sou dit nie kon hanteer nie.

'n Blik tuna is oopgesny en 'n bakkie water is ook uitgesit. Twee dae later loer buurvrou oor die heining. "Wat gee jy vir die kat?" Tuna antwoord ek. "O, ek gee haar salm!" sê buurvrou. So 'n prysverskil! Die kat eet albei.... dis 'n GROOT gemmerkat.

Woensdag plaas die Pretoria News 'n advertensie: "LOST from Main Street, one ginger cat! Please call telephone number ....." Main Straat was drie blokke na die suide, en ek skakel dadelik die nommer. "I'm coming immediately, we have been looking everywhere."

Vyf minute later hou 'n Valiant stasiewa voor die hek stil. 'n Vrou en vyf rooikop-kindertjies peul uit die kar uit. Die vrou het stip gekyk na die kat. "Is that your cat?" vra ek ewe hoflik. Jy kon sien hierdie moeder neem 'n besluit: "THAT IS NOT OUR CAT, but never mind, I'll take it!"

Met vaste tred en katmandjie in die hand, het sy die kat gegryp, in die mandjie ingebondel, kinders in die kar en die gesin en een kat trek weg met die spoed van 'n renjaer. Die kat is ontvoer voor my oë. Mens kan net wonder hoe die kat en vyf "orrelpypies" klaar gekom het.

Rose Olivier (C212) Junie 2026

ADVERTENSIES

HOME FIX SOLUTIONS

Vra vir Jan!!!

Montana, Sinoville,
Doornpoort, Annlin,
Derdepoort, Wonderboom

Spesialiseer in Aftreeoorde

DIY – Onderhoud en Herstel Dienste

- Algemene herstelwerk
- Verfwerk binne en buite
- Herstel en diens van skuifdeure en slotte
- Los matte skoonmaak
- Lig skakelaars en ligte vervang/herstel
- Diens van trollies/walkers
- Herstel van kaste en kasdeure
- Diens van ligte voertuie
- Klein herstelwerkies

Skakel vir gratis kwotasie:

JAN – 073 446 1313

Maak jou probleem myne!!!






ONS

KOOP OU GOUD

Kontak **STANLEY** by: **076 195 9626**



GOUDPRYSSTYGING OOR DIE JARE



WOODLANDS TAK
Shop 52D, Woodlands Boulevard, Pretoria

KOLONNADE TAK
Shop U45, Sefako Makgato Montana, Pretoria

MENLYN TAK
Shop G112, Menlyn Park, Atturbury Pretoria

ADVERTENSIES



kind 2 Hearing

Kind2Hearing Montana

besoek Twee Riviere Aftree Oord

ELKE DONDERDAG

Tel: 012 110 4612

Address: No 7 Doringlaan, MonataPark

TWEE RIVIERE SKOONHEID SALON

BLOK B - 3DE VLOER

MAANDAE

GEL NAELS	R330
GEL TONE	R220
NAELLAK	R130
NAELS SNY & VYL	R120
WAKS (BROW,LIP,CHIN)	R170
WAKS / KLEUR (BROW)	R150
GESIG BEHANDELING	R450
ADDISIONEEL	R20+

CHARNÉ 0774861098

SLEGS KONTANT ASB.



ADVERTENSIES

VARSPRODUKTEMARK



ELKE DINSDAG IN DIE PARKEERAREA

NUWE AVON AGENT VIR TRAO

AVON

VIR ALLE AVON PRODUKTE AANKOPE

KONTAK SANNIE VAN RENSBURG

0828747869 A239

TRAO MARKDAE 2026



DINSDAE 9:00 – 11:00

GEEN VERKOPE VOOR 09:00

Geen outomatiese besprekings

KONTAK: PEET VAN RENSBURG

A239 OF 082 894 3982

Uitstallers is verplig om vroegtydig voor elke markdag te bespreek.

7 JULIE, 4 AUGUSTUS, 1 SEPTEMBER, 6 OKTOBER & 3 NOVEMBER.

SLYP VAN MESSE & SKêRE @ R30 ELK

Ek doen ook beitels en boorpunte, asook elektriese sweiswerk, herstel en instandhouding van rolstoele of enige ander toebehore

Izak Groenewald #2022 of 073 256 3315

TRAO INWONERS

NEEM ASB. KENNIS DAT BEWYS VAN ADRES SLEGS MET VERTOON VAN FISIESE ID DOKUMENT BY ONTVANGS VERKRYGBAAR IS (NIE BESTUURSLISENSIE NIE).

VIR KENNISNAME

NEEM ASB. KENNIS DAT DAAR VANAF 01 JULIE 2026 'N ELEKTRISITEITSTARIEF-VERHOGING SAL WEES. DIE FINALE PERSENTASIEVERHOGING SAL WELDRAE GEKOMMUNIKEER WORD SODRA TSWHANE DIT GEPUBLISEER HET.

50+ Welcome

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions



Are you looking to

BUY OR RENT

AT TWEE RIVIERE RETIREMENT VILLAGE?

Hi there, we're Annalie & Marlene. We're property practitioners specialising in helping people find their ideal retirement homes at **Twee Riviere Retirement Village.**



RENTALS:
ANNALIE RYKAART

SALES:
MARLENE OPPERMAN



2 BED, 1 BATH
APARTMENT FOR SALE
R950 000

Lovely 2-bedroom, 1-bathroom apartment with open-plan living area, modern kitchen, balcony, and covered parking—designed for comfortable, convenient everyday living.

SCAN TO VIEW PROPERTY

Features

- 2 Bedrooms
- 1 Bathroom
- Single Carport
- Balcony
- Modern Kitchen
- Open-Plan Living



3 BED, 2 BATH
HOUSE FOR SALE
R2150 000

Charming 3-bedroom, 2-bathroom house with double garage, open-plan living area, modern kitchen and a covered patio overlooking a private garden—designed for convenient everyday living.

SCAN TO VIEW PROPERTY

Features

- 3 Bedroom
- 2 Bathroom
- Modern Kitchen
- Double Garage
- Spacious Living Area
- Private Garden



1 BED, 1 BATH
APARTMENT TO LET
FROM R7800PM

Cozy apartment offering 1 bedrooms, 1 bathroom, open-plan living area, and one covered parking bay in a secure, well-maintained setting-designed for convenient everyday living.

SCAN TO VIEW PROPERTY

Features

- 1 Bedrooms
- 1 Bathroom
- Single Carport
- Well Maintained
- Cozy Living Area
- Modern Kitchen

Contact us today! **060 016 0732**

A D V E R T E N S I E S


ANDREA OOSTHUYSEN

PR 072 000 0045047

BEHANDELING TUIS VAN LONGTOESTANDE; NEK- EN RUGPYNE, SPIER- EN GEWRIGSPYNE; ALGEMENE VERSWAKKING; REHABILITASIE NA CHIRURGIE EN HOSPITALISASIE.

FOOIE: VOORGESKREWE MEDIESE FONDS TARIEWE.

ANDREA: 082 556 8121



JUDY'S JAM

Konfyt = R65.00 (klein)
Konfyt = R70.00 (groot)
Tamatie, aarbei, perske, appelkoos, fynvye, heelvye, druiwe, pynappel, nartjiemarmelade, kumkwatmarmelade, makataanstukke (groot), fyn makataan, heel kumkwat (R70.00)
Spekkiesatjar (R40.00)

SKAKEL JUDY #2014 SEL NR. 082 565 3243

DANKIE VIR AL JUL ONDERSTEUNING DIE AFGELOPE JAAR.

Ek bied die volgende:

Bybeloortreksels vir R300
Bybeltassies vir R300
Herstel van enige klere
Kontak Lorraine Pretorius
082 222 0560; Eenheid B013

VERVANG VAN HORLOSIEBATTERYE

Herstel van staan- en muurhorlosies en motorhuis remotes.

Kontak Fanie, 083 232 0219 of #2191





DIE ARCADIA SANGERS BESOEK TRAO





Suiwer koorklanke is gehoor met hul optrede Woensdag 27 Mei 2026. Dié koor bestaan uit sowat 22 afgetrede persone wat saamsing by die Oos-Kerk naby Loftus Versfeld. Hul Koorvoorsitter, Dirk Neethling, het die koor en koorleidster, Elize Bailey, bekendgestel. Hulle begaafde begeleier is Christof Joubert. Rose Olivier, self 'n Arcadia sanger in die laat 1990's het namens TRAO Sosiaal die koor verwelkom.

Kleure van die Reënboog" is uitgebeeld in sang. 'n Sanger het deur die saal gewals met 'n "rooi rokkie" aan en "Blue Suede Shoes" van Elvis het sekere komiteelede se voete laat jeuk en teruggevoer na jeugdiger dae.


Abri le Roux, bekende dramaturg en kunstenaar se voorlesings van C.L. Leipoldt en A.G. Visser se geliefde gedigte was skitterend.

Duitse harte in die gehoor het warm geklop toe hulle "Rote Rosen" en "grün ist die Heide" asook Duitswes wals gehoor het.

TRAO se Sosiale Trustee het die volgende e-pos vanaf die Arcadie Sangers ontvang: "Ons Arcadia Sangers het ons optrede gister by Twee Riviere baie geniet! Ons was aangenaam verras met die gehoor se meelewendheid en deelname! En toe die heerlike toebroodjies en koffie, tee en cappuccino's op die lekker dek! Baie dankie."

TRAO Sosiaal will elkeen bedank wat hierdie opvoering ondersteun het. Baie moeite word gedoen om lekker gesellighede vir inwoners te reël. "Meelewendheid" maak dit die moeite werd. Opregte dank aan Cheryl en Reef se mense by La Rivière vir die hantering van die verversings.

KOMBUIS KLETS



XMAS IN JULY

Kom ons vier Kersfees sommer al in Julie.

Wanneer:

31 Julie 2026

Waar:

In die eetsaal van TweeRiviere Aftree-Oord

Tyd: 11:30 of 13:00

Prys: R120 per persoon

Kom geniet 'n heerlike drie-gang maaltyd saam met vriende. Met die ete wil ons dankie sê vir al die seëninge wat ons daagliks ontvang.
Ons dink ook aan die wat minder bevoorreg is.
Ons vra dat u skenkings in die vorm van enige ware, produkte en/of klere sal skenk, nie bederfbare produkte nie, wat ons na Uncle Ben's Den sal neem.



La Rivière

Kom loer in by La Rivière. Daar is 'n paar heerlike nuwe disse op die spyskaart. Ons wil u vriendelik versoek om nie kontantfooitjies aan die kelners te gee nie. U kan dit by die bedrag verskuldig inreken. Bring u vriende en kom geniet 'n lekker koppie koffie en 'n heerlike lekkerny.